Verwysing: 20200525-6240
Lêerno.: 12/2/10/3
Navrae: LR Abrahams

Inrigtingsontwikkeling en -koördineringsminuut: 0004/2020
Vervaldatum: 31 Desember 2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame

Kort opsomming: *COVID-19 Daaglikse sifting van leerders en opvoeders.*

Onderwerp: COVID-19 Daaglikse sifting van leerders en opvoeders

1. Die regulasies betreffende COVID-19 vereis dat opvoeders en leerders daagliks met hul aankoms by die skool vir simptome van koronavirus-infeksie gesif word.

2. Om gevalle doeltreffend op te spoor, moet die data op 'n sentrale databasis vasgelê word. Om dié rede het die WKOD besluit om 'n algemene instrument te gebruik om die data van alle opvoeders en leerders vas te lê.

3. Die sifting van opvoeders sal daagliks deur 'n mobiele toepassing, met behulp van die volgende skakel, vasgelê word: https://qgzqy.glideapp.io/

4. Om die gebruiker te help is 'n video-gids in die toepassing vervat.

5. Die vaslegging van leerders se sifting sal met behulp van die volgende skakel gedoen word: https://wcedemis.westerncape.gov.za/wced/lnrcovid.html

6. Die leerderfunksie werk op presies dieselfde manier as die huidige leerderafwesigheidsfunksie en dus weet opvoeders by gewone openbare skole hoe om dit te gebruik.

7. Die funksie sal aan leerderafwesigheid gekoppel word en vervul dan ook daardie funksie.

8. 'n Handleiding om die funksie te gebruik is hierby aangeheg. (Kyk Bylae A)

9. Let daarop dat dit verpligting is vir alle opvoeders en leerders om daagliks gesif te word en dat die data met behulp van hierdie instrumente vasgelê moet word.

10. Dit is van toepassing op **ALLE** skole: gewone openbare skole, spesiale skole en vroeëkindontwikkelingsentrums.

11. Ons wil graag alle inrigtings bedank vir hulle ondersteuning en begrip in hierdie tyd.

12. Alle navrae oor die bogenoemde kan aan die betrokke kringbestuurder van elke kring of die Hoof: Bestuur en Beheer van elke distrik gerig word.

13. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendminuut onder die aandag van alle betrokkenes.

GETEKEN: HA LEWIS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: INRIGTINGSONTWIKKELING EN -KOÖRDINERING
DATUM: 2020-05-25